BYLAE A

VOORGESTELDE PRO-FORMA BELEID OM ‘N SKOOLBELEID OOR WILLEKEURIGE DEURSOEKING EN ALKOHOLIESE DRANK EN ONWETTIGE DWELMTOETSING BY SKOLE TE ONTWIKKEL

Naam van skool

Adres en telefoonnommer

Skool se logo

INHOUDSOPGAWE

1. DEFINISIES EN AFKORTINGS

2. INLEIDING

2.1 Doel van beleid

2.2 Omvang en toepassing van beleid

3. WETSRAAMWERK

4. KONTEKS

5. WILLEKEURIGE DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING

5.1 Die Skoolhoof

5.2 Prosedure vir willekeurige deursoeking en beslaglegging

5.3 Delegering van gesag wanneer skoolhoof nie beskikbaar is nie.

5.4 Hoe om ‘n leerling wat onwillig is om deursoek te word te hanteer

5.5 Noodtoestandoptrede

6. TOETSING VIR ALKOHOLIESE DRANK EN ONWETTIGE DWELMS

6.1 Verbod op onwettige middels op skoolpersele

6.2 Wettige gronde vir uitvoering van toetse vir onwettige middels

6.3 Prosedure vir uitvoering van toetse vir onwettige middels

6.4 Prosedure vir alkohol- en dwelmtoetsing

6.4.1 Identifikasie en publikasie van dwelmtoetsapparate
6.4.2 Alkoholtoetsing

7. OPTEKENING VAN INLIGTING EN BESKIKKING VAN GEVAARLIKE VOORWERPE, ALKOHOLIESE DRANK, ONWETTIGE DWELMS EN URINEMONSTERS

8. KENNISGEWINGS AAN OUERS EN DISSIPLINÊRE PROSEDURES

8.1 Kennisgewing aan ouers

8.2 Dissiplinêre prosedure

9. BETWISTING VAN UITSLAE

10. BEGINDATUM

1. DEFINISIES EN AFKORTINGS

In hierdie beleidsriglyne, tensy die konteks anders aandui, beteken

'**alkoholiese drank**' –

(a) enige onwettige middel wat 'n psigologiese of fisiologiese uitwerking het; of

(b) enige middel wat sodanige effek het wat in onwettige besit is, en/of

(c) enige onwettige bedwelmende of verdowende middel;

'**beampte**' – 'n werknemer van die Wes-Kaap Onderwysdepartement aangestel ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) (Proklamasie 138 van 1994), of die Staatsdienswet, (Proklamasie 103 van 1994);

'**die Wet**' is die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet no, 12 van 1997),

‘**digitale toestelle**’ - enige mobiele toetstel wat gebruik word om oproepe te maak of boodskappe te versend deur seine of inligting voorgestel deur syfers;

‘**gevaarlike voorwerp**’ –

(a) enige plofbare materiaal of toestel;

(b) enige vuurwapen of gaswapen;

(c) enige artikel, voorwerp of toestel wat aangewend kan word om liggaamlike leed aan 'n persoon of skade aan eiendom te veroorsaak, of ‘n persoon tydelik verlam of bewusteloos te maak; of

(d) enige voorwerp wat -

(i) deur die nasionale minister verklaar word as ‘n gevaarlike voorwerp ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet vir die doeleindes van daardie Wet; of

(ii) deur die Provinsiale Minister deur ‘n kennisgewing in die Provinsiale Koerant verklaar word as ‘n gevaarlike voorwerp vir die doeleindes van die Wet;

‘**Grondwet**’ – die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, (Wet 108 van 1996);

‘**Hoof van Departement**’ beteken die Hoof van die Onderwysdepartement in die Wes-Kaap;

‘**leerder**’ beteken enige persoon wat onderwys ontvang of verplig is om onderrig te ontvang ingevolge die Wet;

‘**onwettige dwelm**’ – enige dwelm soos gedefinieer in die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992 (Wet 140 van 1992), wat gebruik word of in besit is in oortreding van artikel 4 van daardie Wet;

‘**opvoeder**’ beteken ‘n opvoeder soos gedefinieer in die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998);

‘**ouer**’ - beteken

(a) die ouer of voog van ‘n leerder;
(b) die persoon wat wetlik verantwoordelik is vir toesig oor ‘n leerder; of
(c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge na te kom van ‘n persoon waarna verwys word in paragraaf (a) en (b) ten opsigte van die die leerder se skoolonderrig;

‘**prinsipaal**’ - die opvoeder wat as hoof van ‘n skool aangestel is of waarneem;

‘**Provinsiale Minister**’ - die Provinsiale Minister verantwoordelik vir onderwys in die Provinsie Wes-Kaap;

‘**skool**’ beteken ‘n openbare skool of onafhanklike skool wat leerders in een of meer grade inskryf van graad R (Resepsie) tot graad 12.

‘**skoolaktiwiteit**’ - ‘n amptelike opvoedkundige, kulturele, sport- of sosiale aktiwiteit van ‘n skool binne of buite die skoolgronde;

‘**toesig**’ – die bestuur en beheer van leerders op skool of tydens ‘n skoolaktiwiteit;

‘**Wes-Kaap Onderwysdepartement**’ beteken die provinsiale departement verantwoordelik vir onderwys in die Wes-Kaapprovinsie.

AFKORTINGS

WKP	: Wes-Kaapprovinsie
WKOD	: Wes-Kaap Onderwysdepartement
DH	: Departementshoof van die Wes-Kaap Onderwysdepartement;
SAPD	: Suid-Afrikaanse Polisiediens
WKP	: Wet op Kriminele Prosedure,1977 (Wet 51/1977)
WNOB	: Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996)
SASW	: Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) gewysig;
WKPWOS	: Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)
SANRA	: Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels

2. INLEIDING

2.1 Doel van beleid

Om ***(Naam van Skool)*** te voorsien van gestandaardiseerde prosedures om willekeurige ondersoeke en beslagleggings en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige dwelms uit te voer te ***(Naam van Skool)*** en is van toepassing op al die leerders van ***(Naam van Skool)***.

2.2 Omvang en toepassing van beleid

2.2.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, maak voorsiening vir ‘n Handves van Regte. Die volgende regte is van toepassing op willekeurige

deursoeking en beslaglegging en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige dwelmmiddels by skole:

(i) Menslike waardigheid (artikel 10)

Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

(ii) Privaatheid (artikel 14)

Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat -

(a) hul persoon of woning nie deursoek word nie;

(b) hul eiendom nie deursoek word nie;

(c) daar nie op hulle besittings beslag gelê word nie; of

(d) *daar nie op die privaatheid van hulle kommunikasies inbreuk gemaak word nie.*

(iii) Eiendom (artikel 25)

Niemand mag van eiendom ontneem word nie behalwe in 'n algemeen-geldende regstelsel, en geen wet mag arbitrêre ontneming van eiendom toelaat nie.

2.2.2 Willekeurige deursoeking en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige dwelmmiddels sal inbreuk doen op hierdie regte. Die Grondwet self voorsien egter dat geen reg absoluut is nie, gegewe dat enige reg in die Handves van Regte beperk kan wees ingevolge artikel 36.

2.2.3 Gegewe dat artikel 45A sekere regte wat toegeken word in die Handves van Regte beperk, moet dit geïmplementeer word met die nodige respek vir menswaardigheid, privaatheid en die reg op eiendom van die betrokke leerder.

2.2.4 Hierdie beleid dien dus om die toepassing van artikel 45A van die Wet te reguleer deur die metode te verskaf waarvolgens sodanige maatreëls geïmplementeer kan word, en die nodige prosedures wat toegepas moet word om die doel van hierdie wetlike voorskrifte in hierdie skoolomgewing te bereik.

3. WETSRAAMWERK

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 1 van 1996)

Die Suid-Afrikaanse Skolewet,1996 (Wet 84 van 1996)

Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys (Wet 12 van 1997)

Wet op Kriminele Prosedure 1977 (Wet 51/1977)

Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996)

Die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Nr 140 van 1992)

Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole

4. KONTEKS

Die moontlikheid bestaan dat leerders wat in besit is van gevaarlike voorwerpe of alkoholiese drank of onwettige dwelms op ons skoolgronde ernstige sielkundige skade of fisiologiese besering aan ander kan veroorsaak.

Hierdie beleid van willekeurige deursoeking en beslaglegging en alkoholiese drank en onwettige dwelsmmiddeltoetsing is aanvaar deur ***(Naam van Skool)*** en stel streng prosedures daar waarvolgens willekeurige deursoekings deur prinsipale of hulle afgevaardigdes op ***(Naam van Skool)*** uitgevoer moet word, om die regte en waardigheid van leerders te beskerm. Die oogmerk van hierdie beleid is om ‘n veilige omgewing te skep vir leer en onderrig vir almal in ***(Naam van Skool)***.

5. WILLEKEURIGE ONDERSOEK EN BESLAGLEGGING

5.1 Die Skoolhoof

5.1.1 Artikel 45A van die Wet stipuleer dat, tensy deur die prinsipaal gemagtig vir wettige onderwysdoeleindes, geen persoon enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel(s) op skoolgronde mag inbring of in sy of haar besit hê nie tydens enige skoolaktiwiteit op of van die skoolgronde.

5.1.2 Die prinsipaal mag, vir wettige onderwysdoeleindes, die teenwoordigheid op die skoolgronde van gevaarlike voorwerpe soos skêre, naalde en messe asook medisyne wat deur ‘n dokter voorgeskryf is, wettig. Al hierdie voorwerpe moet baie sorgvuldig agter slot en grendel gehou word.

5.2 Prosedure vir willekeurige deursoeking en beslaglegging

5.2.1 Ingevolge artikel 45A(2)(a) van die Wet, mag die skoolhoof of sy of haar afgevaardigde

(i) enige leerder, of die eindom van enige leerder deursoek vir enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel, indien die prinsipaal op redelike gronde die teenwoordigheid van ‘n gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel op die skoolgronde of tydens ‘n skoolaktiwiteit vermoed by ***(Naam van Skool).***

Die volgende mag ‘n aanduiding wees van die teenwoordigheid van onwettige dwelmmiddels en gevaarlike voorwerpe by 'n skool:

(a) Fluitjieblasers wat die prinsipaal van die teenwoordigheid inlig;

(b) Rapportering deur ouers;

(c) Tekens van alkoholiese drank en onwettige dwelmmiddels op die skoolgronde;

(d) Dreigemente dat gevaarlike voorwerpe teen ander leerders of enige ander persoon gebruik sal word;

(e) Besering as gevolg van die gebruik van sodanige gevaarlike voorwerpe en

(f) Enige ander redelike aanduiding.

5.2.2(a) Waar daar ‘n vermoede is dat leerders oor onwettige dwelmmiddels, alkoholiese drank of gevaarlike voorwerpe in hulle skooltasse of sluitkassies beskik, moet die willekeurige ondersoek die leerders se skooltasse en sluitkassies alleenlik insluit en mag dit nie uitgebrei word na hulle lywe nie.

(b) Waar daar ‘n vermoede is dat leerders onwettige dwelms, alkoholiese drank of gevaarlike voorwerpe in hulle sakke of elders in hulle klere dra, mag slegs hulle klere en sakke deursoek word, en nie hulle eiendom (soos skoolsakke en sluitkassies nie).

(c) (i) Indien daar twyfel bestaan oor waar die gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank en/of onwettige dwelms weggesteek word, moet die ondersoek gemik wees op wat aan die groep leerders behoort, soos skooltasse en sluitkassies van die groep leerders.

(ii) Indien niks in die skooltasse en sluitkassies gevind word nie, kan die ondersoek gerig word op die klere en liggaam self.

5.2.3 Artikel 45A(4) van die Wet bepaal dat waar ‘n ondersoek soos bedoel in par. 5.2.1 insluit ‘n ondersoek van die liggaam van die leerder, moet die persoon wat die leerder deursoek –

(a) Nie van die leerder verwag om enige ander klerasie as die uiterlike te verwyder nie;

(b) Van dieselfde geslag as die leerder wees;

(c) Die ondersoek slegs doen in die teenwoordigheid van ‘n ander lid van die personeel wat ook van dieselfde geslag as die leerder is.

5.2.4 Die ondersoek moet in ‘n privaat area uitgevoer word.

5.2.5 Die ondersoek moet nie uitgebrei word na die ondersoek van enige liggaamsholte van die leerder nie, en die leerder se privaatdele mag nie aangeraak word nie.

5.2.6 (a). Indien die prinsipaal as gevolg van ‘n deursoeking of as gevolg van betroubare inligting ontvang, of vir enige ander goeie rede glo dat enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel op die lyf of persoon van ‘n besondere leerder verskuil is, mag hy ‘n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens versoek om ‘n meer uitgebreide visentering van daardie leerder se persoon uit te voer, wat kan beteken die verwydering van klere ingevolge artikel 45A(5) van die Wet.

(b) Indien daar vermoed word dat die leerder ‘n verdagte voorwerp ingesluk het, moet die saak direk aan die polisie oorhandig word.

(c) Die prinsipaal of sy afgevaardigde mag beslag lê op enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel wat tydens die deursoeking ingevolge artikel 45(A)(2)(b0 van die Wet gevind is.

5.3 Delegering van gesag wanneer skoolhoof nie beskikbaar is nie.

5.3.1 Twee persone, een man ***(posomskrywing en naam van persoon)*** en een vrou ***(posomskrywing en naam van persoon)***, moet gemagtig word om die deursoeking en beslagleggingsfunksie uit te voer indien die prinsipaal nie beskikbaar is nie. Die name van hierdie persone, aan wie gesag gedelegeer is, is in die logboek aangeteken en moet te alle tye bekend wees, sodat daar duidelikheid is oor wie se verantwoordelikheid dit is om in die prinsipaal se afwesigheid op te tree.

5.3.2 Die deursoeking en beslagleggingoperasie kan nie uitgestel of gekanselleer word indien die prinsipaal nie beskikbaar is nie.

5.4 Die hantering van ‘n leerling wat onwillig is om deursoek te word

5.4.1 Indien dit geredelik uitvoerbaar is, moet die ouer geskakel word of ‘n boodskap op een of ander manier na die ouer gestuur word om die ouer in te lig dat die leerder onwillig is om saam te werk by ‘n wettige deursoeking en beslagleggingsprosedure ingevolge die Wet, en dat die leerder aan die polisie oorgegee sal word.

5.4.2 Indien die ouer aandui dat hy of sy gewillig is om deel te neem deur die leerder te beveel om saam te werk in ‘n deursoeking en beslagleggingsprosedure wat uitgevoer word ingevolge artikel 45A van die Wet, waar die uitkoms verbind is tot ‘n interne dissiplinêre proses –

(i) Kan die ouer ‘n redelike kans gegun word om na die skool te kom om die leerder opdrag te gee om saam te werk.

(ii) Kan die ouer ook sodanige instruksie telefonies aan die leerder en die prinsipaal gee.

(iii) Moet ‘n getuie by die leerder wees terwyl sodanige telefoongesprek plaasvind.

(iv) Is dit uiters belangrik dat die prinsipaal met die ouer praat en die grond vir die deursoeking en beslagleggingsprosedure verduidelik aan die hand van die bepalings van artikel 45A van die Wet.

5.4.3 Indien die leerder of ouer weier om saam te werk, moet die saak en die leerder aan die polisie oorhandig word, sodat hulle ‘n deursoeking en beslagleggingsprosedure ingevolge die Wet op Kriminele Prosedure kan doen. Die uitkoms van sodanige deursoeking en beslagleggingsprosedure word verbind met ‘n kriminele hofprosedure, met moontlike kriminele vervolging.

5.5 Beslaglegging op gevaarlike voorwerpe

5.5.1 Die prinsipaal, of sy gemagtigde of ‘n polisiebeampte kan beslag lê op enige gevaarlike voorwerp of alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels teenwoordig op skoolgronde van ‘n openbare skool of op 'n persoon.

5.5.2 Artikel 45(A) van die Wet bepaal dat enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel waarop beslag gelê is –

(a) Duidelik en korrek ge-etiketteer moet wees met volledige besonderhede, wat insluit –
  (i) Waar dit gevind is, en, indien van toepassing, die naam van die leerder in wie se besit dit gevind is;
  (ii) Die tyd en datum van ondersoek en beslaglegging;
  (iii) ‘n Insident-verwysingsnommer;
  (iv) Die naam van die persoon wat die ondersoek gedoen het;
  (v) Die naam van die personeellid in wie se teenwoordigheid die ondersoek gedoen is, waar van toepassing; en
  (vi) Enige ander besonderhede wat nodig mag wees om die item en die insident te identifiseer;

(b) Opgeteken moet word in die skool se verslagboek; en

(c) Oorhandig word aan ‘n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat onmiddellik daaroor sal beskik ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1997 (Wet 51 van 1977).

5.5.3 Artikel 45A(7) van die Wet bepaal dat, indien die polisie nie die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmidel onmiddellik van die skool kan verwyder nie, die prinsipaal of sy of haar afgevaardigde–

(a) Die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel na die naaste polisiestasie sal neem; en

(b) Die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelm aan die polisie sal ooorhandig om daarvan ontslae te raak ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977.

5.5.4 Artikel 45A(8) van die Wet bepaal dat die polisiebeampte wat die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel in ontvangs neem ‘n amptelike ontvangsbewys daarvoor aan die prinsipaal of gemagtigde sal uitreik.

6. DWELM- EN ALKOHOLTOETSING

6.1 Verbod op onwettige middels op skoolgronde van ***(Naam van Skool)*** ingevolge artikel 45A(1) van die Wet.

6.1.1 Tensy dit gemagtig is deur die prinsipaal vir wetlike opvoedkundige doeleindes, mag geen persoon enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddel op die skoolperseel bring of in sy/haar besit hê gedurende enige skoolaktiwiteit nie.

6.2 Wettige gronde vir uitvoering van toetse vir onwettige middels

6.2.1 Artikel 45A(9) van die Wet bepaal dat die prinsipaal of sy/haar gemagtigde ‘n urinetoets of ander ingreepsvrye toets mag toedien indien die prinsipaal redelike grond het om te vermoed dat die leerder –

(a) Alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels besit of gebruik; of
(b) Tydens skoolure of by 'n skoolaktiwiteit onder die invloed van alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels is.

6.3 Prosedure vir uitvoering van toetse vir onwettige middels

6.3.1 ‘n Leerder soos beoog in paragraaf 6.2 kan onderwerp word aan ‘n urinetoets of ander ingreepvrye toets, soos gestipuleer in artikel 45A(10), vir alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels slegs indien -

(a) Die toets gedoen word deur ‘n persoon van dieselfde geslag as die leerder;
(b) Dit gedoen word in ‘n privaat area;
(c) Een volwasse getuie, van dieselfde geslag as die leerder, teenwoordig is;
(d) Die monster duidelik en korrek ge-etiketteer is met volle besonderhede soos beoog in subartikel (6) met die nodige veranderinge; en
(e) ‘n Toestel soos beoog in artikel 8A(11) van die Suid-Afrikaanse Skolewet gebruik word.

6.4 Praktiese stappe vir dwelmtoetsing

‘n Skool kan enige van die toestelle hieronder gelys gebruik, soos genoem in die WKOD Riglyne vir Willekeurige Deursoeking and Beslaglegging en Toetsing vir Alkoholiese Drank en Onwettige Dwelmmiddels.

(i) Dwelmbespeurende veestelsel vir oppervlaktes

(ii) Eenstap- tuistoetsstrook vir kokaïen;

(iii) Multidwelmtoets

(iv) Quicktox drug screen dipcard-toets

(v) Monitect-dwelmsiftingskassettoets;

(vi) Toxcup dwelmsiftingskoppietoets

(vii) Multipaneel dwelmtoetsapparaat

(viii) Smart check dwelmsiftingstoets

(ix) Drug Smart-beker

(x) Avitar oral screen 4 of drugometer

6.4.2 Vir die doeleindes van alkoholtoetsing, kan ‘n SABS-goedgekeurde instrument gebruik word, of, met die toestemming van die ouer, ‘n bloedtoets by ‘n geakkrediteerde mediese fasiliteit.

6.4.3 Die apparaat

6.4.3.1 Die toetsstel moet in die teenwoordigheid van die leerder wat getoets word, oopgemaak word.

6.4.3.2 ‘n Leerder wat getoets gaan word, moet eers gevra word of hy/sy enige mediese middel geneem het.

6.4.3.3 Die toets moet uitgevoer word -

(i) Deur ‘n persoon van dieselfde geslag as die leerder;

(ii) In die teenwoordigheid van ‘n volwasse getuie, van dieselfde geslag as die leerder en

(iii) Weg van die teenwoordigheid van ander leerders en individue.

6.4.4 Die persoon wat die toets afneem moet rubberhandskoene dra.

6.4.5 Die voubiljet van elke toestel dui aan hoe die resultaat van die toets verkry en vertolk moet word.

6.4.6 Die inligting op die voubiljet moet deur die prinsipaal of sy gemagtigde gelees word in die teenwoordigheid van die leerder voor die toets afgeneem word.

6.4.7 Die toets moet uitgevoer word soos op die voubiljet voorgeskryf is.

7. Optekening van Inligting en Verwydering van Gevaarlike Voorwerpe, Alkoholiese Drank, Onwettige Dwelms en Urinemonsters

7.1 Enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels waarop beslag gelê is of 'n urinemonster wat getoets is, moet duidelik en korrek ge-etiketteer word met volle besonderhede, met inbegrip van

(a) Die naam van die leerder in wie se besit dit gevind is of van wie ‘n monster geneem is;
(b) Die tyd en datum van ondersoek en beslaglegging of van monster geneem;
(c) ‘n insidentverwysingsnommer;
(d) Die naam van die persoon wat die leerder deursoek of getoets het;
(e) Die naam van die getuie; en

(f) Enige ander besonderhede wat nodig mag wees om die item en die insident te identifiseer.

7.2 Al die besonderhede moet opgeteken word in die skoolrekordboek.

7.3 Nadat daar op die gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels beslag gelê is, mag die prinsipaal of sy/haar gemagtigde die voorwerp óf aan die polisie óf die ouer oorhandig.

7.4 Indien die voorwerp waarop beslag gelê is onwettig is, is die prinsipaal of sy gemagtigde verplig om dit aan die polisie te oorhandig.

7.5 Die prinsipaal of sy/haar gemagtigde moet die betrokke voorwerp na die naaste polisiestasie neem as die polisie dit nie kan kom haal nie.

7.6 Die polisiebeampte wat die voorwerp ontvang, moet ‘n ontvangsbewys daarvoor uitreik.

8 KENNISGEWINGS AAN OUERS EN DISSIPLINÊRE PROSEDURES

8.1 Kennisgewing aan ouers

Ingevolge artikel 45A(11)(a) van die Wet mag die prinsipaal of sy gemagtigde –

(a) Indien prakties uitvoerbaar, die betrokke ouer in kennis stel dat ‘n toets of deursoeking en beslaglegging gedoen is ten opsigte van sy of haar kind, en
(b) Die leerder en sy of haar ouer inlig aangaande die uitslag van die toets, sodra dit beskikbaar is.

Indien die leerder positief getoets het vir alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels, moet dit met die ouer bespreek word sodat hy of sy die gevolge van die gebruik van alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels kan verstaan. Indien die ouer dit versoek, mag die prinsipaal die leerder na ‘n rehabilitasiesentrum verwys vir dwelmberading. Slegs die leerder en sy of haar ouers moet ingelig word oor die resultate van die alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddeltoets. Die identiteit van die leerder mag nie bekend gemaak word nie, behalwe aan sy of haar ouers.

8.2 Dissiplinêre Prosedures

8.2.1 Ingevolge artikel 45A(12) mag ‘n persoon wat mag uitoefen ooreenkomstig hierdie artikel sodanige geweld gebruik as wat redelik is in die omstandighede vir die uitoefening van die mag.

8.2.2 Ingevolge artikel 45A(13) mag ‘n leerder onderwerp word aan dissiplinêre prosedures indien –

(a) Die leerder in besit is van ‘n gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of ‘n onwettige dwelm tydens skoolure of by ‘n skoolaktiwiteit; of

(b) Die leerder positief getoets het vir alkoholiese drank of ‘n onwettige dwelm in die omstandighede soos beskryf in artikel 45A(10).

8.2.3 Ingevolge artikel 45A(14), sal enige dissiplinêre prosedures ten opsigte van ‘n leerder uitgevoer word ooreenkomstig die gedragskode soos beoog in artikel 45A(10) van die Wet. Geen kriminele prosedures mag ingestel word teen hierdie kategorie van leerder nie.

8.2.4 In die geval waar ‘n leerder weier om deursoek te word of vir alkohol of dwelms getoets te word, moet die prinsipaal of sy/haar gedelegeerde die polisie in kennis stel, wat dan die nodige stappe sal doen ingevolge die Strafproseswet, 1977.

9. BETWISTING VAN UITSLAE

9.1 Indien die uitslag van ‘n toets wat op skool uitgevoer is, betwis word, moet ‘n tweede toets deur middel van ‘n gaschromatografie gekoppel aan massaspektometrie (GC/MS) gedoen word, of in die geval van ‘n toets vir die gebruik van alkohol, ‘n bloedtoets om die uitslag te bevestig.

9.2 Hierdie gesofistikeerde toetse moet gedoen word met die bystand van die Departement van Gesondheid.

10. BEGINDATUM

Hierdie beleid is van toepassing op alle leerders van ***(Naam van Skool)*** vanaf ***(datum).***